Dr. M. van Rhijn, Gedachten en Gestalten uit de Evangeliën, C. F. Callenbach, Nijkerk, S.J.

Hierdie werk in twee bande is die resultaat van die skrywer se voorlesings oor jare voor jeug- en gemeentelike samekomste. Die eerste helfte van die eerste band word beslaan deur 'n monografie oor Johannes die Doper; met enkele ondersoekers is die skrywer van oordeel dat die Doper by Ain Karim, ongeveer ses myl van Jerusalem gebore is, dat hy geen verband hou met die Essenisme nie dat hy sy doop ontleen aan die joodse proselietedoop. Al hierdie gesigspunte sal in die lig van die Qumrantekste in heroorweging geneem moet word. Die skrywer bied aanneemlike verklaringe oor die vraag waarom Jesus Hom deur Johannes laat doop het, en van Johannes se vertwyfeling in die gevangenis van Machaerus. Die agtergrondskildering op grond van die gegewens deur Flavius Josephus en die joodse bronne is histories getrou.

In die tweedehelfte van hierdie band word gehandel oor die universalistiese betekenis van die uitsending van die sewentig (Luk. 10:1vv.) en oor die betekenis van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

'n Laaste hoofstuk word gewy aan die tipering van Maria van Bethanie wat die goeie deel gekies het en 'n onvergelyklike toesegging van Jesus ontvang het.

Die tweede band open met 'n hoofstuk oor Tafelgesprekken — 'n onderhoudende beskrywing van die tafelgebruike van die Ooste in die tyd en die betekenis van Jesus se tafelgesprekke, sy vergelykinge van die Koninkryk van die Hemele met 'n maaltyd kry teen daardie agtergrond nuwe betekenis. In 'n hoofstuk, *Ontmoetingen*, wys die skrywer aan die hand van die geskiedenis van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, die sondares wat Jesus se voete gesalf het, die oorspelige vrou, Saggéüs en Levi die tollenaar, hoedat God die mense in Christus soek, die wesenlike verkondiging van die Nuwe Testament.

'n Verdere hoofstuk bied 'n verduideliking van Luk. 15, die gelykenisse van die verlore penning, die verlore skaap, die verlore seun.

Hoewel populêr geskryf, probeer die skrywer steeds sy verklaringe wetenskaplik te verantwoord.

A. S. Geyser.